

Is jou etikette en tekens verwarrend?

Maart 2013

Die foto regs, uit die Nov 2012 Beacon, “Kry die fout” kompetisie, wys ’n groep pompe wat presies eners lyk. Hulle is duidelik nie genommer of gemerk op ’n sigbare manier nie. Sou jy gevra word om aan een van die pompe te werk wat vir jou veilig gemaak is om aan te werk, hoe sal jy weet watter een?

Ongemerkte toerusting is ’n veiligheidsprobleem. Swak of verwarrend etiketering is nog erger. Die foto onder wys voorbeelde van verwarrende etikette en tekens. Is daar sulke verwarrende etikette op jou aanleg?



Etikette wat eenders lyk op hierdie pype het bygedra dat die verkeerde materiaal in ’n stoortenk afgelaai is. Dit het ’n chemiese reaksie veroorsaak wat giftige gas vrygestel het en ses mense beseer het. (Beacon April 2012).



Wat kan jy doen?

- ➔ Wees op die uitkyk vir ongemerkte toerusting, etikette wat afgeval het of beskadig is of wat nie leesbaar is nie. Herstel waar nodig en rapporteer aan iemand wat iets daaraan kan doen.
- ➔ Wees op die uitkyk vir verwarrende etikette of tekens, soos in die fotos, en laat dit regmaak.
- ➔ Maak seker die etikette van toerusting is dieselfde as wat in prosedures, handleidings en ander aanlegdokumentasie gebruik word.
- ➔ Wees versigtig om nie verwarring te veroorsaak deur etikette te verander of handgeskrewe notas by te sit nie. Doen dit behoorlik en verkieslik deur die MOC proses.
- ➔ Wees versigtig en konsekwent as jy verkorte name of akronieme gebruik vir die name van chemikalië.
- ➔ So byvoorbeeld kan “MMA” staan vir “metiel methacrelaat” of “monometielamien” in ’n ander aanleg of selfs iets heeltemal anders elders. Gebruik altyd die korrekte chemiese naam. Maak seker almal in jou aanleg weet wat die name beteken.



Gebruik duidelike etikette en tekens om veiligheidsredes!